Boodskap vir Sondag 26 Julie 2020

Gegroet vanuit die pastorie

Hoewel ons weer hierdie Sondag begin met eredienste, sal hierdie stem- en teksuitgawes steeds Vrydag uitgestuur ter voorbereiding op die erediens Sondag wat oor veel meer gaan as 'n boodskap! Eredienste is daar om die Here en mekaar voluit te beleef in geloof, hoop en liefde!

Daar word vertel dat 'n professor in dogmatiek aan sy studente vertel die eerste ding wat hy elke oggend doen, is om sy koerant te lees en daarna die Bybel om tot verhaal te kom. Ek lees in die week op een dag in die dieselfde koerant twee dinge wat my ook na die Bybel laat gryp het, al het ek toe al hoeka 'n stukkie geestelike nadenke gehad. Die eerste beriggie het dit oor Jeff Bizos van Amazon-faam wat in een dag 13 miljard dollar ryker geword het. Wat kan mens daarvan sê? Joe, hete, jitte, jislaaik, maggies! Die tweede berig gaan oor die gereformeerde kerke in Suid-Afrika wat onder die ekonomiese aanslag van 'n virus besef hulle is hoeka so geknou dat gemeentes moet saamsmelt en vele predikante hulle poste sal verloor. Wat sal mens hiervan sê? Miskien ook joe, hete, jitte, jislaaik, maggies?

Toe wonder ek hoe dit sou gewees het as die beriggies anderkant óm gelees het – dat die kerke só 'n finansiële inspuiting op een dag gekry het en Jeff Bizos omtrent al sy Amazon-takke moes toemaak. Soveel geld sou al die gemeentes in Suid-Afrika vir dekades aan die gang kon hou. Natuurlik is dit verkeerd om sulke vergelykings te maak en vir so iets te wens – en in elk geval kan gemeentes baie goed funksioneer en gelukkig wees sonder hope geld – kerkwees is nie 'n geldmaak bedryf nie, hoewel die wet van Transvaal, in sy skoon vorm, orals geld. En tog kan mens wonder hoekom soveel geloofsgemeenskappe so swaar trek. Oor Amazon hoef niemand te wonder nie: Vir hulle is dit carpe diem – gryp die geleentheid! En in elk geval sal ons iewers kan naslaan dat Jeff Bizos waarskynlik meer geld vir barmhartigheid weggee as die gesamentlike begrotings van al die kerke in Afrika en miskien baie miljoene mense gelukkig maak met die flinke diens wat hulle lewer. Doen gemeentes dit ook? Om die geleenthede te gryp en baie mense bly te maak met hul doen en late?

Toe ek predikant vir die San-groepe in die Wes-Caprivi was so 20+ jare gelede geword het, was die eerste hou wat my voor die kop getref het dat hulle nie godsdiens nodig het nie en die tweede hou dat meeste van hulle weggetrek het na beter weivelde toe. By 'n konferensie gehou juis om te beplan rondom die toekoms van so 'n bediening het 'n geleerde kundige gemeen ons moet ophou bekommerd wees want die Here belowe in sy Woord dat Hy nooit sal toelaat dat een van sy gemeentes ten gronde sal gaan nie. Dié gemeente het nie ten gronde gegaan nie, dit was reeds omtrent begrawe toe ek daar geland het. Ons godsdiens blyk afgeleef te wees en hoeka nie meer van toepassing vir mense onder 50 jaar ouderdom nie. Dit lyk of al hoe meer mense, nes die San-mense in die Wes-Caprivi, nie godsdiens nodig het nie en uit die kerk wegtrek. Soos ook in die Caprivi het meesal net die oumas en oupas oorgebly. Waar is die insprake van die Here dan in hierdie sake in elk geval?

Met 'n gemeente-lyk kan nie veel uitgerig word nie, vra my! Vra ook sommer die 60% landelike gemeentes in die NG Kerk wat nie meer regtig 'n predikant kan bekostig nie. Dit is ook Calitzdorp se uitdaging, maar hier is darem nog baie hoop en vele moontlikhede en natuurlik die vraag vir hoe lank nog. Die gemeente is meer as 'n helfte kleiner as 20 jaar gelede en baie armer. Die coronavirus het ook vir ons gemeente belig hoe afhanklik ons is aan fondsinsamelings om te oorleef wat eintlik beteken die gemeente kan nie meer vir die gemeente sorg vanuit eie sak nie. Is daar 'n oplossing, 'n antwoord van die Here self? Of gaan al die gemeentes maar een vir een begin doodgaan soos dit met mense ook werk? Ek sal vir julle 'n briefie gee dat slim planne en goeie bestuur net 'n tydelike hulp is. In die kweekskool, so onthou ek vanuit die kursus in gemeentebou, van die voorbeeld van 'n gemeente in 'n landelike omgewing wat op sy laaste was en selfs nie meer 'n predikant gehad het wat se kerkgebou een nag deur weerlig aan die brand geraak het en toe heeltemal afgebrand het. In plaas van alles sloop en los het die gemeente toe skielik ingespring en het geld beskikbaar geraak en is die kerk herbou en het die gemeente weer lewe gekry en selfs 'n predikant beroep – dis nou alles sonder enige skuld. Wat sal mens hiervan sê? Miskien ook joe, hete, jitte, jislaaik, maggies?

Ek kan ook 'n briefie van oortuiging aanbied dat dit baie baie baie belangrik is vir die NG Gemeente in Calitzdorp om nie net te oorleef nie, maar om veel eerder te floreer. Hoe is die vraag? Ek is bitter jammer dat Jeff Bizos nie 'n persoonlike vriend van my is nie – dan kon ek miskien die saak beredder het. En, nee, dit sal nie help om Calitzdorp se kerk, die trots van die dorp wat deur baie mense besoek word, af te brand nie. Is die antwoord soos die professor in Sendingwetenskap my aangevat het oor die gemeente in die Wes-Caprivi met die vraag hoekom ons nie die Here kan vertrou om sy gemeentes te versorg nie? Ek meen dis andersom wat die vraag gevra moet word: Vertrou die Here nie dalk vir ons om sy liggaam te wees hier in Calitzdorp nie? En as dit waar is, wat kort ons? Ek en my predikant vriend in Windhoek moes op 'n slag 'n gemeente gaan bystaan om te besluit of hulle wel 'n predikant kan bekostig en beroep en daar was geen geld in hulle gemeente beursie nie – net beloofde geloofoffers. My vriend het aan die kerkraad gevra wat dink hulle sien die mense as

hulle na die gemeente en sy pragtige kerkgebou kyk? Die leierouderling het die antwoorde saamgevat in een kort sinnetjie: Ons is sukkelaars. En my predikant vriend het toe gevra of mense dus sou aflei dat godsdiens 'n sukkelbedryf is en dat die Skepper van hemel en aarde 'n sukkelrige God is. Die stilte na die vraag was dawerend.

Daar is baie raad hoe om 'n lewendige en gelukkige gemeente te wees. Daar is selfs baie programme wat aangebied word om dit reg te kry. Oor al die jare wat ek al sien hoe vele gemeentes agteruitgaan, het een aspek vir my uitgestaan as die besmoontlike oplossing. Oor die algemeen word dit lofprysing genoem, maar dit beteken eintlik om die Here te beleef. As mense die Here beleef, is hulle vol van die Gees en vol hoop. Sonder lofprysing is mense net godsdienstig en behoeftig. Waar die Here beleef word, daar lééf die Here. Dit is die fondasie vir enige gemeente om sterk te staan en te bou. Nie aksies, goeie boodskappe, betrokkenheid en gehoorsaamheid kan 'n gemeente dinamies maak nie en hoewel dit alles ook nodig is, is 'n persoonlike verhouding met 'n lewendige God die platform vir alles verder. Net 'n klein bietjie navorsing sal wys dat waar die Here teenwoordig is en werklik beleef word, die nuwe generasies jonger as 50 jaar ook betrokke is.

Die NG Kerk in Calitzdorp is presies nou by die kruispunt vanwaar die gemeente meer en meer ten gronde sal gaan, of meer en meer gaan begin blom. Die rigting gaan nie bepaal word deur godsdienstigheid nie, maar of die Here 'n werklikheid is wat beleef word en die liefde en krag en middele soos nodig gaan losmaak vanuit ons binnekant, eerder as om dit buitekant te soek. Wat kan mens tog gee wat jy nie het nie? Wat kan die Here nie alles gee as Hy op en wakker in ons lewe nie? Dit kan net geken word in belewing en nie in dogma nie. Ons sal moet begin juig en sing en dankie sê en bly wees en die Here vertoon en laat vloei uit ons binnekant soos 'n lewendmakende fontein. Calitzdorp gemeente sal moet waag om lewendig te word, maar daarvoor is 'n trotsheid en gangbare rede vir gemeentewees nodig.

Natuurlik was my gewaardeerde kollega en professor reg dat die Here nooit sal toelaat dat sy liggaam ten gronde gaan nie. As 'n kerk of gemeente nie meer funksioneer as die liggaam van Christus nie, dan is dit nie die Here wat die vernietigingswerk toelaat nie – dis die gemeente se eie sake wat dit toelaat. Tye en omstandighede verander. As Christus se liggaam nie deel is van die wêreld nie en homself anker in tradisies en godsdienstigheid soos van ouds wat 50 jaar gelede gewerk het en nou wêreldvreemd geraak het, verval die rede vir gemeente wees. Al staan die kerkgebou dan nog, het die gemeente dan reeds uitgebrand. Daar is 'n Europese wysheid wat sê dat 'n singende volk nooit tot niet kan gaan nie. Omgesit in gemeentewees-taal sou dit lees dat 'n gemeente met 'n lied in sy hart en om te sing nooit tot niet gaan nie.

Daar is geen beter teksgedeelte as 1 Kor. 13, wat meesal veel meer soetsappig gelees word, om hierdie aspekte te onderstreep nie: *1Nou wys ek julle wat nog die allerbeste is: Al praat ek die tale van mense en engele, maar ek het geen liefde nie, het ek 'n stuk klinkende metaal, 'n galmende simbaal geword. 2Al het ek die gawe van profesie en ken ek al die geheimenisse en besit ek al die kennis, en al het ek al die geloof om berge te versit, maar ek het geen liefde nie, dan is ek niks. 3Al deel ek al wat ek het aan ander uit, en al gee ek my liggaam prys om my daarop te kan beroem, maar ek het geen liefde nie, baat dit my niks. 4Die liefde is geduldig, die liefde is vriendelik; dit is nie afgunstig nie, is nie grootpraterig nie, is nie verwaand nie. 5Dit handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, is nie liggeraak nie, hou nie boek van die kwaad nie. 6Dit verbly hom nie oor onreg nie, maar verheug hom oor die waarheid. 7Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles. 8Die liefde vergaan nooit nie, maar die gawe van profesie sal verdwyn, die gawe om ongewone tale en klanke te gebruik, sal ophou, en dié van kennis sal uitgedien raak. 9Want ons ken maar gedeeltelik, en ons profeteer maar gedeeltelik, 10maar wanneer die volledige kom, sal wat gedeeltelik is, uitgedien wees. 11Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind. Maar noudat ek 'n man is, is ek klaar met die dinge van 'n kind. 12Nou kyk ons nog in 'n dowwe spieël en sien 'n raaiselagtige beeld, maar eendag sal ons alles sien soos dit werklik is. Nou ken ek net gedeeltelik, maar eendag sal ek ten volle ken soos God my ten volle ken. 13En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste hiervan is die liefde!*

En ons weet mos dat liefde net geken kan word deur dit te belewe.

Mag die Here julle seën en julle beskerm; Mag die Here Sy aangesig oor julle laat skyn en julle genadig wees; Mag die Here Sy aangesig na julle ophef en julle vrede gee.

Amen.